HOE OM NA U KAT TE SORG

AFRIKAANS

Ongesteriliseerde of ongekastreerde katte sal heel moontlik baklei en rondloop.

As katte saans binnenshuis gehou word moet jy 'n kat bak voorsien.

Gee gereelde maaltye van blikkies katkos en maak seker dat daar skoon drinkwater is. Onthou dat katte 'n sekere hoeveelheid gras moet eet om gesond te bly.

Moenie toelaat dat jou kat uit 'n vullisblik eet en moet nooit vir hom grate gee nie. Dit is nie goed om jou kat met hondekos te voer nie.

Moenie strikkies om jou kat se nek sit. Dit kan in 'n boom vashaak en jou kat beseer.

Sit vir hom 'n halsband met 'n elastiese insetsel aan, sodat hy kan los kom as hy vashaak. Sit jou naam, adres en foon nommer op diehalsband.

Issued by: THE SOCIETY FOR THE PREVENTION OF CRUELTY TO ANIMALS
NATIONAL COUNCIL OF SOUTHERN AFRICA

We are here to help and advise you how to look after your animals properly.

Katte moet gereeld gekam of geborsel word, veral as hulle donserig is. 'n Haarbal kan in jou kat se maag vorm as die los hare nie gereeld uitgekam word nie.

Moenie jou kat bad nie. Dit kan beserings of siekte veroorsaak.



Katjies lyk so pragtig en oulik, maar baie kan nie 'n goeie tuiste kry nie.

Jou wyfies kat moet op 6 maande gesteriliseer word (en jou mannetjies kat op 6 maande.)

Neem jou katjie na die DBV of 'n veearts vir inenting en ontwurming wanneer hy 8 weke oud is.

Katte sal baie siek word as hulle nie ingeënt en ontwurm word nie.



As jou kat baie krap, of as hy sy kop teen die vloer vryf, kan dit 'n irritasie van die oor wees.

Neem hom na die DBV/veearts om seker te maak dat daar nie bosluise in sy ore of pels is nie.

SPONSORED BY: THE STANDARD BANK FOUNDATION